# Intensiewe stelsels vereis korrekte voeding

*Deur Carin Venter*

"Die ekonomie van skaapboerdery kan betekenisvol verhoog word deur veldweiding met intensiewe stelsels te kombineer, veral tydens die lamseisoen."

Dié stelling van André Bezuidenhout (Pri.Sci.Nat.) van Feedtek dra baie gewig, veral as 'n mens kyk na die afgelope paar jaar se swakker algemene veldtoestande. Dit het onder andere daartoe gelei dat ooie se reproduksieresultate aansienlik afgeneem het wanneer hulle nie strategiese lekaanvulling ontvang het of tydens die lamseisoen in meer intensiewe omgewings aangehou is nie.

Volgens André gaan die intensifisering van 'n ooiboerdery met meer bestuurs- en kapitaalinsette gepaard en moet dit vir dié rede noukeurig beplan word. "Ek deel graag my kennis met produsente. Korrekte en gebalanseerde voeding tydens al die verskillende fisiologiese stadiums, is deurslaggewend vir 'n produsent se sukses. Dit is dus baie belangrik om die ooi se rumen korrek te bestuur sodat reproduksie so kostedoeltreffend as moontlik verhoog word," verduidelik hy.

Hy sê dat droë veldweiding se voedingswaarde dikwels onvoldoende is om in ooie se onderhoudsbehoeftes te voorsien. Verder neem die dier se daaglikse inname ook af namate die veld se gehalte afneem, aangesien dit langer neem om swak gehalte voeding te verteer en in benutbare voedingstowwe om te skakel.

## Ooie se voedingsbehoeftes

Ooie se liggaamskondisie tydens paartyd het 'n belangrike invloed op besetting en gevolglik die lampersentasie. 'n Toename in kondisie tydens paring het 'n direkte positiewe uitwerking op die lampersentasie.

André beskryf dit soos volg: "Proteïen en energie is die twee grootste voedingskomponente. Die behoefte aan dié twee komponente is tydens middragtigheid alreeds 40 tot 50% meer as dié van 'n nie-dragtige ooi. Die proteïen- en energiebehoeftes van 'n eenlingooi is gedurende vroeë laktasie onderskeidelik 160 en 70% meer as dié van 'n nie-dragtige ooi. Verder is meerlingooie se voedingsbehoeftes tydens laatdragtigheid en laktasie sowat 30 tot 45% hoër as dié van eenlingooie.

"Saam met die verhoogde behoeftes tydens dragtigheid, neem ooie se daaglikse vrywillige voerinname dus gedurende laatdragtigheid af en vind 75% van die fetusontwikkeling gedurende die laaste ses weke van dragtigheid plaas. Gevolglik het die ooi nie voldoende beskikbare rumenvolume om in haar verhoogde voedingsbehoeftes te voorsien nie."



*Skape op veldweiding kan baie daarby baat as hulle voeding met intensiewe stelsels gekombineer word.*

## Aanvullende lekke op veldweiding

Strategiese lekaanvullings op veld kan doeltreffend aangewend word om in ooie se tekorte en stygende voedingsbehoeftes te voorsien. Dit onderhou die rumenmikrobes en stimuleer dus veldinname, terwyl hul gesondheid, kondisie en vrugbaarheid verbeter word.

André beklemtoon dat indien voldoende veldweiding beskikbaar is, lekaanvullings verkieslik is bo die voer van volledige rantsoene wat veldinname kan vervang. "Dit is belangrik om die korrekte tipe lek volgens die heersende seisoen te voorsien, aangesien droë en nat-/groenseisoenslekke se samestellings verskil."

Hy meen die volgende tydperke is belangrik vir lekaanvullings indien veldweiding onvoldoende is om in diere se behoeftes te voorsien:

- Paar/dekseisoen: 'n Toename in kondisie tydens paring het 'n direkte positiewe uitwerking op die lampersentasie.
- Vroeë en middragtigheid: Afhangende van die veldtoestande en diere se kondisie, kan 'n onderhouds- of produksielek voorsien word.
- Laatdragtigheid: 'n Produksielek met die insluiting van voldoende hoë-gehalte

- proteïen is gedurende die laaste ses tot agt weke van dragtigheid belangrik om in die ooi se vinnig stygende behoeftes te voorsien. Melkproduksie begin ook alreeds gedurende dié stadium. Sodoende kan domsiekte, swak uierontwikkeling en lae biesmelkproduksie voorkom word. Oorvoeding tydens hierdie tydperk kan egter lamprobleme veroorsaak.
- Laktasie: 'n Produksielek met die insluiting van natuurlike proteïen is belangrik om melkproduksie te onderhou en relatiewe groot kondisieverliese te voorkom. 'n Te vinnige en groot kondisieverlies in hierdie stadium kan vrugbaarheid gedurende die volgende paarseisoen benadeel. Indien lammers kruipvoeding suksesvol vreet, kan dit tot aansienlike laer lekbehoeftes by ooie tydens laat laktasie lei.

Die algemene praktiese beginsels van lekaanvulling moet altyd in gedagte gehou word wanneer lekaanvulling op veld gegee word. André beveel aan dat voldoende weiding of ruvoer altyd beskikbaar moet wees en dat diere nie 'southonger' moet wees wanneer met lekaanvulling begin word nie.

"Daarom is dit belangrik om vooraf 'n sout- of sout-en-fosfaatlek vir sewe tot 14 dae te voorsien. Om ureumvergiftiging te voorkom, moet ureumbevattende lekke teen reën beskerm word en nie staande water veroorsaak wanneer dit nat word nie. Voldoende lekbakspasie is belangrik om kompetisie te beperk."

## Voordele van lamhokkies

Lamhokkies kan baie doeltreffend aangewend word om veral meerlingooie onder meer gekontroleerde toestande te laat lam en sodoende produksie te verhoog.

"Dié stelsel bied voordele soos verlaagde lamvrektes, beter melkproduksie wat deur beter voedingstoestande veroorsaak word, beter rekordhouding en verhoogde vrugbaarheid en speengewig."

Volgens André vereis die stelsel egter kapitaalinsette ten opsigte van infrastruktuur, voerkoste en die moontlike sinkronisasie van ooie. "Dieregesondheid en higiëne is verder baie belangrik. Dit is raadsaam om 'n behoorlike gesondheidsprogram in oorleg met 'n veearts saam te stel en te volg. Die korrekte voeding van ooie is deurslaggewend in die sukses van so 'n stelsel.

"Die tradisionele 'ram-, lam- en ooivoer' is nie noodwendig die korrekte en aangewese rantsoen vir so 'n stelsel, waarin veral meerlingooie lam nie."



*Ooie en lammers in 'n intensiewe voerstelsel se produksie kan noemenswaardig verhoog as hulle die korrekte voeding ontvang.*

Om dié konsep te verduidelik, gebruik André die voorbeeld van die volgende gebalanseerde lamhokkierantsoen: 450 tot 500kg goeie gehalte ruvoer; 360 tot 400kg mieliemeel; 60 tot 100kg sojaboonoliekoekmeel; 32kg Feedtek Mutton Gainer 125; en 6kg Acid Buf/Feedtek Bufferpak.

Hy sê dit is belangrik om ooie wat in lamhokkies of klein voerkampe gaan lam, vanaf sowat drie tot vier weke voor lam behoorlik aan te pas op die lamhokkierantsoen wat tydens lam gevoer gaan word. "Die ooie moet die rantsoen leer ken en goed vreet, terwyl die rumen se aanpassing by die veranderde voedingstoestande ook belangrik is om metaboliese steurnisse te voorkom."

## Aangeplante weidings

Die hoë voginhoud van veral aangeplante weidings onder besproeiing beperk die hoeveelheid droëmateriaal en voedingstowwe wat ooie kan inneem, en ook veral tydens laatdragtigheid, wanneer die rumenvolume deur die fetus(se) se ontwikkeling beperk word.

"Oor die algemeen voorsien aangeplante weidings onvoldoende energie en verbyvloeiproteïen om in laatdragtige en lakterende ooie se behoeftes te voorsien. Dit is waarom 'n gebalanseerde lek spesiaal vir dié doel belangrik is om tekorte aan te vul."

## Aanvulling met kruipvoeding

André sê kruipvoeding dien as aanvullende voeding vir lammers voor speen. "Kruipvoeding word spesiaal vir dié doel geformuleer en enige ander rantsoen sal dus nie dieselfde doel dien nie.

"Die korrekte formulering bevat onder andere 'n hoë-gehalte natuurlike proteïenbron en is gebalanseerd vir al die belangrike voedingstowwe, wat minerale en vitamiene insluit. Sodoende word die lam se rumenontwikkeling ook optimaal bevorder."

Lammers begin alreeds op die ouderdom van sowat 14 dae vreet. Die ooie moet hulle dus kort na geboorte al leer vreet, wat beteken dat hulle saam met die ooie toegang tot hulle lek en daarna tot kruipvoerders naby die ooie se lekbakke moet hê.

## Goeie voeromsetverhouding

André voeg by dat kruipvoeding baie doeltreffend is, aangesien jong lammers 'n baie goeie voeromsetverhouding het. Gevolglik is dié praktyk baie winsgewend as dit korrek toegepas word.

"Die energie in ooie se melk is alreeds vanaf die ouderdom van sowat vier tot vyf weke onvoldoende om in selfs eenlinglammers se energiebehoeftes vir optimale groei te voorsien. Kruipvoer voorsien in hierdie 'tekort' en daarom kan lammers tot 6kg meer weeg as hulle op die ouderdom van 100 tot 120 dae gespeen word. 'n Lam vreet ongeveer 15kg kruipvoer gedurende die tydperk voor speentyd, wat beteken dat 'n ekstra speengewig van 1,5 tot 2kg alreeds vir die koste daarvan betaal."

Hy som die nodigheid vir korrekte bestuur en voeding soos volg op: "Indien 'n mens dié twee dinge in plek het, kan jy 'n intensiewe stelsel doeltreffend saam met veldweiding aanwend om ooie se reproduksie en gevolglik hul speenpersentasie te verhoog." VP

Vir meer inligting, kontak André Bezuidenhout by 048 881 5228 of 082 651 8958, of stuur 'n epos aan andre@feedtek.co.za.